

Tema: Kén ons die Vader en déél ons sý blydskap met Hom?

Skrifvoorlesing: Lukas 15

Die drie gelykenisse van Jesus wat ons so pas gelees het laat my een ding vra:

Kén ons die Vader en déél ons sý blydskap met Hom?

Toe Jesus hierdie gelykenisse vertel het, het Hy nie oor Homself gepraat nie, maar oor God, die Vader: Hoe Hy is en wat Hy doen.

Die hoofdoel waarom die Seun mens geword het was tog nie om Homself te kom bekend stel nie.

Hy het gekom om die Vader bekend te stel aan mense wat dink dat hulle die Vader reg ken, maar Hom eintlik glad nie ken nie.

Vir mense wat gedink het dat God vir altyd rus, het Jesus kom leer: *“My Vader werk tot nou toe en Ek werk ook.”*(Joh 5:17)

Vir mense wat dink dat God te hoog is om van naby te ken, het Jesus kom leer: *“Wie My sien, sien die Vader.”*(Joh 14:9)

En vir mense wat nie weet hoe om te bid nie, het Hy kom leer om so te bid: *“Ons Vader wat in die hemel is... .”*

Die laaste gebed wat Jesus hardop voor sy dissipels gebid het, het so begin:

“Vader, die tyd het gekom. Verheerlik u Seun, sodat die Seun U kan verheerlik.”(Joh 17:1b)

Dis die geheim van die Seun se lewe.

Meer nog, dis die geheim van sy hele wese.

Hy is daar om die Vader te verheerlik.

Hy bestaan en leef uit, deur en vir die Vader.

Alles wat Hy, die Seun, bewerk en bereik is deur die Vader en vir die Vader - in die hemel, so ook op die aarde.

Dit behoort ook die geheim te wees wat elkeen van ons wat in die Seun glo. Ons kan nie anders wil wees as die Seun nie, ons is geroep en uitgekies om soos die Seun te wees.

Die drie gelykenisse wat Jesus vertel het is al drie daarop gerig om ons te help om die Vader beter te leer ken.

Die eerste gelykenis bring die Vader direk by ons met die woorde: “*Sê nou een van julle het honderd skape en een van hulle raak weg. Wat doen hy dan?*”(v 4)

Dis hoe naby die Vader aan ons is.

Hy kan soos een van ons wees.

Een wat die ander 99 skape in die veld laat staan om die 1 wat weggeraak het te gaan soek.

Jesus, wat die Vader intiem ken en weet hoe Hy is, beskryf die Vader se optrede en blydschap soos volg: **lees vers 5 tot 7.**

Die tweede gelykenis het ‘n tipies vroulike ondertoon: ”*Of watter vrou wat tien silwermunstukke het en een raak weg, steek nie ‘n lamp op en vee die huis uit en soek sorgvuldig totdat sy dit kry nie?*”(v 8)

Dis hoe God die Vader tog is: Hy het mos sy Seun as lamp opgesteek in hierdie wêreld om sorgvuldig te kan soek na die wat verlore is.

Ons wat in Hom en die Seun glo is nou daardie lamp wat God laat skyn om die een wat weggeraak het te kan soek.

Ook in hierdie geval het Jesus die Vader se reaksie beskryf: **lees verws9 tot 10.**

By die derde gelykenis sien ons hoe Jesus al meer in-zoom op die Vader.

Dit was eers iemand wat 100 skape het.

Toe ‘n vrou met 10 silwermintstukke.

Nou is dit ‘n man met 2 seuns.

Op verskillende plekke in die Bybel lees ons van twee sulke seuns:

Adam het vir Kaïn en Abel gehad.

Abraham het Ismael en Isak gehad.

Isak vir Esau en Jakob.

Dawid vir Absalom en Salomo.

Elke keer ‘n pa met twee seuns.

Die twee seuns in die gelykenis is simbolies en het ook een Pa.

Ons verstaan dit almal so en ons weet dat elkeen van ons iewers in hierdie prentjie pas.

Ek is óf die tuisblykind wat vir Pa soos ‘n slaaf werk...

óf die wegloopkind wat my vryheid soek en my goed vat en op reis gaan na ‘n vér land.

Die probleem met die verstaan van die gelykenis is dat ons daarna kyk soos wat ons gewoonlik na ‘n groepfoto kyk. Ons soek gewoonlik eers onself op die foto.

Daarom verwag ons 'n preek oor óf die jongste seun óf die oudste seun of albei; oor hoe hulle is wat hulle verkeerd of reg doen en wat hulle moet doen om dit reg te stel.

En so kom ons selde by die punt waar ons met verwondering kyk na die Vader. Jesus beskryf Hom so: lees verse 20b-24.

Ken ons Hom werklik as ons hemelse Vader wat ons innig jammer kry, tegemoet hardloop, omhels en aanhoudend soen, vir ons nuwe klere, skoene en 'n ring gee en opdrag gee dat feesgevier moet word?

Ken ons Hom werklik as ons hemelse Vader wat uitgaan na die oudste seun toe waar hy verbitterd in die donker staan en nog steeds vir hom sê: “*Kind, jy is altyd by my, en alles wat ek het is joune. Maar ons kan tog nie ander as om fees te vier en bly te wees nie...*”(v 31)?

Dit is vir my 'n behoefte van die hart om vandag met my verjaardag opnuut hierdie visie met die gemeente te deel. As dit my gegun word wil 'n graag die res van my bedienstyd met die hulp van die Gees en van die Seun fokus op die Vader.

Ek is in my hart daarvan oortuig dat baie van die gebreke in die kerk daaraan te wyte is dat ons nie werklik die Vader ken en deur Christus 'n lewende verhouding met Hom as ons hemelse Vader het nie.

Dertig jaar gelede (in 1980) het daar 'n boekie van Thomas Smail verskyn: *The Forgotten Father. Rediscovering the Heart of the Christian Gospel.* Smail was 'n predikant in die Anglikaanse kerk in Engeland. Maar hy was ook deel van die Charismatiese beweging in die kerk. Hy het gesien dat die charismatiese beweging stoom verloor net soos wat die hervormingsbeweging vroeër stoom verloor het.

Die punt wat Smail gemaak het is vandag nog geldig.

Die charismatiese beweging beklemtoon (die werk van) die Heilige Gees ten koste van die werk van die Vader.

Die hervormingsbeweging beklemtoon (die werk van) die Seun ten koste van die werk van die Vader.

'n Kerk wat nie die vader ken nie, sal nie weet van God wat die 99 in die veld los en die 1 gaan soek en op die Skouer tel en terugdra nie; sal nie weet van die Lamp wat God opsteek om die huis van hoek tot kant te deursoek vir die verlore muntstuk nie.

'n Kerk wat nie die liefde van die Vader ken nie, sal nie verstaan hoekom Hy met liefde na sowel die jongste as die oudste seun uitgaan nie.

Na dertig jaar moet ek myself vra: het ons Smail se waarskuwing ter harte geneem?

As ons werklik in ons kerkwees die Beeld van ons hemelse Vader verkondig en uitleef, sal die kerk as vaderhuis tog weer vol word, dan nie?

Kort na die publikasie van Smail se boek was daar ‘n Roomse priester wat op ‘n geestelike reis gegaan het. Ek weet nie of hy Smail se boek gelees het nie, ek glo nie, maar hierdie Roomse priester het weer op ‘n heel ander manier tot herontdekking van die Vader gekom.

Die priester se naam is Henri Nouwen.

Hy het op ‘n dag ‘n afdruk van die skildery gesien wat Rembrandt in die 16e oor “die gelykenis van die verlore seun” gemaak het.

Die een ding wat ‘n diep indruk op hom gemaak het is hoe vertroosend en liefdevol die vader se hande op die seun se vermoeide skouers rus.

Hy het begin om die gelykenis self asook die skildery van Rembrandt intensief te bestudeer.

Uiteindelik het hy ‘n boekie oor sy hele geestelike reis geskryf. *The Return of the Prodigal Son. A story of Homecoming.* 1982.

Wat besonders is van Nouwen se boek is hierdie persoonlike, geestelike groei.

Eers het hy ontdek dat hyself soos een van die onbetrokke toekykers is.

Toe het hy in homself die jongste weglouerseun gesien.

Later het hy ook die karakter van die oudste seun by homself gesien.

Uiteindelik het hy vrede gevind by die Vader en die wete dat ware geestelik groei daarin bestaan om meer soos die Vader te word.

Deur die jare het Nouwen se boekie vir baie mense troos gebied, veral vir mense wat verantwoordelik is vir die versorging van ander.

Die pyn en teleurstelling wat jy beleef in jou eie gebreke, maar ook in die gebreke van mede-gelowiges, die pyn en teleurstelling van jy beleef in ‘n onvolmaakte wêreld met al sy seerkry en verwoesting kan net deur Een Persoon tot RUS gebring word – die Vader self.

Ek sou graag vir die res van my bedieningsreis daagliks self daardie vertroosting en blydschap wil beleef en dit met ander deel.

Ten slotte wil ek verwys na nog ‘n boekie wat geskryf is. Ongeveer 15 jaar gelede het Johan Celliers, ‘n predikant van die NG kerk geskryf oor: *Die uitwissing van God op die kansel.*

Die boek is geskryf op grond van navorsing wat hulle gedoen het oor die inhoud van radiopreke.

Hulle het gevind dat predikers hulle skuldig maak aan “wettiese prediking”.

Met ander woorde: mense word gebombardeer met wat hulle verkeerd doen en wat hulle moet reg doen om gelukkig en geseënd te kan lewe.

Die punt is: God word nie verkondig soos wat Hy is, sodat mense in Hom en wat Hý doen kan glo nie.

Wettiese preke spoor jou aan tot geloof in jouself.

Jy moet dit en jy moet dat, dan sal... .

Wettiese preke spoor jou aan om op jouself te vertrou en na vinnige oplossings te soek,

Dit leer ons om na mense te kyk vir hulp en nie na God nie.

Jy hoor: “Hulle was al by die dominee, selfs dit het nie gehelp nie.”

Of: “Hulle het sielkundiges en beraders gaan sien, maar kon nie die huwelik red nie.”

Maar wanneer ons God verkondig as die God en Vader van ons Here Jesus wat deur sy Gees in ons harte kom woning maak, spoor dit ons aan om op Hom te vertrou en by Hom persoonlik ons toevlug te neem.

Die apostel Johannes het in sy brief die volgende geskryf:

“Hom wat ons gesien en gehoor het verkondig ons aan julle, sodat julle aan ons gemeenskap deel kan hê. En die gemeenskap waaraan ons deel het is dié met die Vader en met sy Seun, Jesus Christus. Dit skryf ons sodat ons blydschap volkome kan wees.”(1Joh1:3)

Mag God uit genade gee dat dit met ons ook so sal wees:

Dat ons elke dag sal bly wees oor die getrouheid, die liefde, die ywer van ons Vader; dat sy inwoning by ons so heerlik sal wees dat ons dit graag met ander deel, sodat hulle en ons blydschap volkome kan word.

Mag ons waarlik sy liefde en blydschap ken – nie net as iets wat ons gehoor het dat dit in die hemel is nie, maar ook as ‘n liefde en ‘n blydschap wat hier op aarde beleef en uitgedeel word oor elke kind van God wat tuiskom.

Amen.